Metapoësie as digterlike leesstrategie

Rensia Robinson

Opsomming

Die taalgedrag van die gedig boei sowel die kompetente leser as die digter. In hierdie artikel word die moontlikheid ondersoek dat T. T. Cloete se gedig "Leopold" gelees kan word as metapoësie. Genoemde gedig kom voor in die bundel *Idiolek* (1986:63). Hiervan kan afgelei word dat die aandag gevestig sal word op eiesoortige indiwiduele taalgedrag. In die geval van die genoemde gedig betrek dit die poëtolek van die Nederlandse digter J.H. Leopold (1865-1925). Dit blyk dat die beskouing van poësie as 'n viering van die potensiaal van die taal, manifesteer in tekslinguistiese strategieë. Gevolgtrekkings word hieruit gemaak aangaande 'n bepaalde digterlike styl. Die doel van die artikel is om aan die hand van 'n spesifieke voorbeeld die aandag te vestig op die funksionering van poëtiese metalinguistiek as interpreterende en skeppende leesproses.

Summary

Linguistic strategies in a poem intrigue competent readers as well as poets. In this article the analysis of the poem "Leopold" by the Afrikaans poet T.T. Cloete investigates the possibility of metapoetics. The poem appears in a volume entitled *Idiolek* (1986: 63). From this title it can be inferred that attention will be focused on distinctive individual linguistic expression. In Cloete's poem it becomes evident that the poetic style of the Dutch poet J.H. Leopold (1865-1925) is under scrutiny. It will become evident that the celebration of poetry as a maximum exploitation of language can be identified as a distinctive poetic style. The aim of the article is to draw attention to the functioning of poetic metalinguistics as an interpretive and creative process of reading.

Keywords: bevoorgronding ("foregrounding"); idiolek; ikonisiteit; metapoësie; poëtikale metalinguistiek; transkripsie/intertekstualiteit; taalkristal / simbolistiese enigme de cristal; taaleiesinnigheid.

Metalinguistiek in die oeuvre van T.T. Cloete

T.T. Cloete se oeuvre lewer boeiende voorbeelde op van poëtikale metalinguis-

tiek. Hieronder word verstaan verantwoording van of analises, teoreties sowel as digterlik, van die taalgedrag van 'n bepaalde poëtika of idiolek. In 'n vroeë literêre opstel onder die opskrif "J.H. Leopold oor die dromende denke", het hy reeds soos volg gewys op die digterlike bemoeienis met die teksproduksie in Leopold se poësie:

> Dit was die een verskynsel wat in <<Oinou hena stalagmon>> die sterkste opgeval het, naamlik dat die dwalende denke[1] nie alleen *in 'n bepaalde wetmatigheid dink*, maar ook dat hy sonder onderbreking steeds *aan sy eie wetmatigheid dink*.
>
> (Cloete 1970: 183; my kursivering)

Cloete se gedig "Leopold" kan gelees word as 'n gedig waarin nie slegs hierdie twee aspekte van die digterlike skeppingsproses onderskei kan word nie, maar die moontlikheid ook geskep word om hieruit gevolgtrekkings te maak met stilistiese implikasies (1986: 63).[2] Die taalgedrag in dié gedig funksioneer gelyktydig as metataal[3] waarin "uitsprake" oor 'n "objektaal" (vgl. Van Gorp 1986: 251), in dié geval die "idiolek" van die digter Leopold, geïdentifiseer kan word. Die begrip "idiolek" word hier onder andere hanteer soos Fowler dit omskryf, naamlik "the personal variety, the bundle of distinctive features which allow us to recognize an individual" ([1986]1996: 188).

In 'n studie en herwaardering van Roman Jakobson se insigte in verband met poëtiese tekslinguistiek wys Bradford op eersgenoemde se siening van die gedig as "the ultimate object language". Na aanleiding hiervan vervolg hy: "the poem is the laboratory in which our experiments with *the relation between what language is and what it does can never entirely* be reduced to the abstract formulae of the linguist" (1994: 199; my kursivering). Stankiewicz onderskei die fokus van poëtikale metataal as "the semantic relationships within a work" (1960: 72).

Teen die agtergrond van hierdie teoretiese uitgangspunte word vervolgens ingegaan op tekslinguistiese strategieë in Cloete se gedig "Leopold" (*Idiolek* 1986: 63) en die bydrae wat dit lewer tot 'n moontlike resepsie van die gedig.

Digterlike transkripsie as interpreterende leesproses

Cloete se gedig, wat as uitgangspunt dien vir 'n ondersoek na die rol van tekslinguistiek in die identifisering van poëtiese styl, lui soos volg:[4]

1 die ligte
2 en die vergesigte

3 van hemel en aarde die swart
4 van die grond en stralende wolke verward
5 bewegende mense strome
6 water ploeë ou bome
7 voor ou huise die verkeer
8 op die paaie die weer en onweer
9 die ganse heelal
10 is daar ter wille van 'n taalkristal

Die relevansie en tydloosheid van Leopold se literêre nalatenskap is deur omvattende resente navorsing bevestig en in 'n nuwe lig gestel. Hierdie navorsing dien onder andere ook as agtergrond vir lesings van Leopold se poësie in die onderhawige artikel. Sy gedig "Regen" (1951: 83),[5] wat as basisteks van Cloete se "Leopold"-gedig gelees kan word, word deur Sötemann soos volg getipeer:

> Op het eerste gezicht is het vers nauwelijks meer dan een knap voorbeeld van een impressionistisch natuurgedicht .... Mijn these is echter dat het vers vier interpretatielagen bezit ... [het is] ten slotte is het een uitzonderlijk knap voorbeeld van een volkomen "gesloten" poëtologisch vers ....
>
> (Sötemann 1985: 154)

Dit sal mettertyd blyk hoe poëtikaal gemotiveerd Cloete se keuse is van 'n natuurgedig uit Leopold se oeuvre wat op metaforiese wyse funksioneer as "poëtologisch vers". Die gedig lui soos volg (skuinsdruk dui die konsepte in hierdie gedig aan wat in Cloete se transkripsie onderskei kan word, al is dit in gewysigde vorm):

De bui is afgedreven;
aan den gezonken horizont
trekt weg het opgestapelde, de rond-
gewelfde wolken; over is gebleven
het blaauw, het kille blaauw, waaruit gebannen
een elke kreuk, blank en opnieuw gespannen.

En hier nog aan het vensterglas
aan de bedroefde ruiten
beeft in wat nu weer buiten
van winderigs in opstand was
een druppel van den regen,
kleeft aangedrukt er tegen,
rilt in het kille licht ...

en al de *blinking* en het *vergezicht,*
van *hemel* en van *aarde, akkerzwart,*
stralende *waters*, heggen, het *verward*
beweeg van menschen, die naar buiten komen,
ploegpaarden langs *den weg, de oude boomen*
voor huis en hof en over hen de glans
de daggeboort, de diepe hemeltrans
met schitterzon, wereld en *ruim heelal:*
het is bevat in dit klein *trilkristal.*

(Leopold 1951: 83)

Bloot op grond van Cloete se insluiting van 'n gedig met die outeursnaam "Leopold" as opskrif in die bundel *Idiolek*, kan afgelei word dat sy transkripsie van "Regen" in genoemde gedig aansluit by Sötemann se resepsie van die Leopold-gedig. Die volgende opmerkings van Dorleijn, medewerker in die navorsing van Leopold se literêre nalatenskap, maak hierdie verband duidelik:

> ... de teksontwikkeling van de gedichten van Leopold (biedt) onder meer de mogelijkheid *om inzicht te verwerven in diens literaire "idiolect"*.... De dichter houdt er een poetica op na die tot stand is gekomen tegen de achtergrond van (een van) de grote poetica's.[6] Het idiolect kent twee componenten. De eerste bevat de eigenaardigheden op het gebied van de thematiek, de visie op het bestaan, de literaire persoonlijkheid, de "semantische Geste" [vgl. volgens voetnota Červenka: de "Persönlichkeit als eine Bedeutungskorrelat des Werkes"]. De tweede bevat de retorisch-stilistische characteristica, te beschrijven als ingrepen op linguïstisch materiaal.[7]
>
> (Dorleijn 1984: 5, 6, 7, 8; my kursivering)

Cloete se gedig sorteer onder die onderafdeling "transkripsie" wat ook ander gedigte met digternname as titel het. Binne hierdie verbande kan afgelei word dat dit in Cloete se "Leopold"-gedig gaan om die "aftasting" van die betrokke digter se idiolek en die transponering daarvan na 'n gekose poëtologiese (metapoëtiese) gedig.[8] Die proses waarom dit hier gaan, word soos volg weergegee in Cloete se gedig "Taallaser" (1992: 3): "Die wonderlike om die wonderlike te kan skryf / is om met die taallaser te boetseer / en te fatsoeneer / tot taktiele lyf". Transponering van lekseme uit die Leopold-gedig na 'n nuwe tekssisteem (dié van die Cloete-gedig) impliseer egter, op grond van die "duimdruk" van 'n nuwe talent in 'n bundel met die titel *Idiolek*, bykomend 'n moontlike persoonlike "poëtikale geloofsbelydenis" (vgl. Sötemann 1985: 119).[9]

Seleksie as semantiserende element

Die eerste agt versreëls van Cloete se gedig sou buite die verband van 'n gedig gelees kon word as lukrake jukstaponering van frases uit die basisgedig, onder andere vanweë die afwesigheid van formele konvensies soos die werkwoord, asook hoofletter- en leestekenmarkering. Merwe Scholtz tipeer hierdie procédé in Cloete se oeuvre as "enumerasietegniek". Hy onderskei dit as 'n belangrike vormgewingskenmerk wat Cloete dikwels toepas deurdat hy "gedigte in mindere of meerdere mate enumeratief opbou" (1990: 11).

"Enumeratio" staan bekend as 'n retoriese figuur wat te maak het met die "opsomming van verskillende onderdele van 'n algemene begrip of gedagte" (Van Gorp 1986: 119). Wanneer die bogenoemde "enumerasie" in Cloete se "Leopold"-gedig gelees word as elliptiese tekselemente wat uit die basisgedig getransponeer word na en geïnkorporeer word in 'n nuutgekonstrueerde (digterlike) tekssisteem, ontstaan 'n nuwe samehang van tekselemente. Hierdie procédé eis verantwoording op van die semantiese implikasies wat op dié wyse ontstaan. Dit blyk dat bevoorgronding ("foregrounding")[10] van bepaalde konsepte uit die basisgedig die resultaat is van die enumerasietegniek binne hierdie verband. Verdigte verbandlegging ("combination" volgens Jakobson (1981: 27) naas seleksie) onderskei die poëtiese enumerasie van retoriese enumerasie. Fowler wys daarop: "... extra discourse structure 'invites' interpretation" (1996: 97).

Cloete se transkripsie verteenwoordig 'n redusering van die leksikale items in die Leopold basisgedig (47 teenoor die oorspronklike 94). Die "distillering" van leksikale items aktiveer 'n metaforiese verhouding - dit sluit aan by die isolering van die "trilkristal" (by implikasie "reëndruppel") nadat "De bui is afgedreven". Die vraag wat hierdeur ontstaan, is watter "geheel" deur die nuutgevormde "taalkristal" verteenwoordig word.

Dit blyk dat die Cloete-transkripsie fokus op die slotstrofe van die basisgedig waar die poëtologiese betekenislaag gesentreer is en waardeur 'bevoorgronding' van hierdie aspek bewerkstellig word. Dit stimuleer verdere verbandlegging. Hierdie strategie kry verder beslag deur die wysiging van "trilkristal" (verwysende na 'n reëndruppel), in die belangrike slotposisie in die basisgedig, na "taalkristal" in die transkripsie, eweneens in die slotposisie. Die metaforiese verhouding word in die basisgedig geïmpliseer deurdat "trilkristal" gemeenskaplike metafoor is vir reëndruppel sowel as by implikasie die gedig, soos afgelei kan word uit Sötemann (1985: 89) se beredenering. Cloete se wysiging van slegs twee klanke van die oorspronklike metafoor (trilkristal) skep die moontlikheid dat die verhouding omgekeer gelees kan word, naamlik "taalkristal" (by implikasie die gedig) as doelkonsep en "trilkristal" (by implikasie 'n reëndruppel)

as bronkonsep.[11] Die klanksamehang van die twee sleutelbegrippe "trilkristal" en "taalkristal" vestig die aandag op die metaforiese web wat hier ter sprake kom.

"Taalkristal" kan gelees word as geïmpliseerde metafoor waarvan die doelkonsep, "die gedig", weggelaat is in Cloete se transkripsie. Die uitgangspunt hiervan is die doelkonsep, "een druppel van den regen", en die bronkonsep "trilkristal", in die basisgedig. "Trilkristal" is egter 'n saamgestelde metafoor. Dit is 'n samevoeging van "tril(ler)" ('n trillende, bolvormige druppel) wat volgens Sötemann "óók metaforisch een gemoedsbewogenheid uitdrukt" (1985: 160) (deur die assosiasie met "traandruppel") en "kristal" - wat volgens Sötemann 1985: 167) as geheel 'n oksimoron-element bevat aangesien "kristal" 'n vaste stof oproep wat begrens word deur reëlmatige vlakke. Die weggelate doelkonsep van die metaforiese ketting in die basisgedig is *die gedig*. Skematies kan dit soos volg voorgestel word:

> die reëndruppel > traandruppel > 'n gemoedstoestand > + > 'n kristal > 'n gedig + > 'n heelal maar ook deel-van-'n- "heelal" (gesuggereer deur die uitdruklike metonimiese verhouding: "een druppel van den regen").

In die Cloete-gedig word hierdie metaforiese interaksie gesuggereer deur die klanksamehang tussen die sleutelkonsepte "trilkristal" en "taalkristal". Op grond van die klankooreenkoms (alliterasie) word "tril" opgeroep deur "taal" waardeur ook die metaforiese verhoudinge ter sprake kom - dit wil sê die "taalkristal is 'n trilkristal". Terwyl die "trilkristal" as doelkonsep "gemoedstemming" voorop plaas, plaas die bronkonsep, "kristal", struktuurimplikasies voorop. Cloete se doelkonsep, "taalkristal", wat soos "trilkristal" 'n saamgetrekte metafoor impliseer, fokus op die struktuuraspek, sonder om die geïmpliseerde verbande met die basisgedig prys te gee. Die klankverwantskap tussen die eerste en laaste komponent van die begrip "taalkristal" (taal - tal) ondersteun die belangrike metaforiese verhouding tussen die twee komponente van die samestelling. Daarmee word klankmatig "sigbaar" wat in die basisgedig meer verhuld, as interpretasie-*moontlikheid* (vergelyk Sötemann), aanwesig was, naamlik strukturele analogie tussen "taal" en "kristal". Skematies kan die metaforiese ketting van Cloete se weggelate doelkonsep, die gedig, dus soos volg voorgestel word:

> die gedig > kristal + > 'n druppel + > 'n gemoedstemming + > 'n "heelal" maar ook deel-van-'n-heelal (vergelyk die metonimiese verhouding in die basisgedig)

Die begrip "taalkristal" word in Cloete se gedig op semantiese vlak deur metafoorruiling uitgelig as 'n sentrale meerduidige gegewe. 'n Parallelle proses van bevoorgronding is waarneembaar op foniese vlak.

Intertekstualiteit as semantiserende kode

Die wyse waarop Cloete se transkripsie die fokus plaas op die verhouding "trilkristal (reëndruppel) - taalkristal", betrek twee sleutelgedigte van Leopold naamlik "Oinou hena stalagmon" (1951: 116), die gedig waarin die "druppel"-konsep sentraal staan en "Cheops" (1951: 133), die gedig waarin die "kristal-vorm" opvallend beklemtoon word. Cloete verwys in sy literêre opstel oor die dromende denke by Leopold na albei hierdie gedigte. Vir Sötemann is die gedig van die wyndruppel ("Oinou hena stalagmon") "de herneming en de apotheose" (1985: 167) van die gedig van die reëndruppel. Dit vestig die leser se aandag op die moontlikheid dat "transkripsie", die afdeling waaronder Cloete se "Leopold"-gedig sorteer, nie slegs gaan om interaksie tussen twee spesifieke gedigte (by implikasie twee tekssisteme) nie. Intertekstualiteit, in dié geval verstaan as semantiserende spel tussen twee oeuvres, kom ter sprake. Dit in ag genome, val dit op dat Cloete in die transkripsie *kenmerkende* konsepte uit Leopold se oeuvre isoleer deur middel van sy enumerasie. Dit gaan om meer as 'n redusering van leksikale items herkenbaar uit een spesifieke gedig, "Regen" (1951: 83). Die oënskynlik losstaande frases uit "Regen" gaan hiervolgens nuwe verbande aan wat dit betekenisvol saamvoeg. Vanselfsprekend beïnvloed dit die lesing van die gedig.

Dorleijn (1984: 21) het onder andere gewys op die feit dat Leopold hom selde in teoretiese geskrifte oor die poësie uitgelaat het. Hy behoort egter tot dié soort digters wat, volgens Sötemann "het hele scheppingsproces op papier zet" (1980: 13) wanneer hy gedigte skryf. Wanneer Cloete dus 'n poëtologies-interpreteerbare gedig van Leopold kies as basisgedig vir 'n "transkripsie" met die outeursnaam as titel, impliseer dit 'n soortgelyke waarneming. Dit skep die verwagting van 'n intergedigtelike "gesprek".

'n Eerste opvallende eienskap van Cloete se seleksie van leksikale items uit die basisgedig is dat dit 'n jukstaponering van antonieme uitmaak:

> ligte (gekonsentreerde kerne wat by implikasie sig bevorder) - vergesigte (*uit*-sigte); hemel (die transendente kan as suggestie figureer saam met die konsep, "wat bo is") - aarde (nie slegs aardbol nie maar aards/profaan); die *swart* (donker) van die *grond* - *stralende* (verligte) *wolke*; bewegende *mense* - strome (dit wil sê, bewegende *water*); ploeë in plaas van "ploegpaarden" in die basisgedig. "Ploeë" plaas sterker klem daarop dat dit 'n kultuurproduk is (benut in belang van mens en natuur) - ou bome / voor ou huise (kultivering van die natuur maar met implikasie van stagnasie en steriliteit); verkeer op die paaie (*onder* - losgemaak van die samestelling "ploegpaarden" in die basisgedig. Weer eens impliseer dit nouer koppeling met mense) - die weer en onweer (by implikasie: die "verkeer" van lugstrome, *bo*). Hierdie reeks loop uit op die sleutelpaar:

heelal (oneindig) - taalkristal ("begrens").

Soos elkeen van die antonimiese frases in die gedig, kan dié van die eerste drie versreëls op sigself sintakties verbind met die laaste twee versreëls: "die ligte / en die vergesigte/ van hemel en aarde/, .../ is daar ter wille van 'n taalkristal". Daar is spore van klankherhaling ("l", "t", "en") wat "ligte" en "vergesigte" laat "meeklink" in "taalkristal". Dit betrek by implikasie "hemel" en "aarde" (met albei genoemde betekenismoontlikhede) wat deur enjambement verbind is met eersgenoemde paar. Deur die begin- en eindreëls van die gedig op dié wyse met mekaar te verbind, word 'n sluitende geheel sintakties (en klankmatig) afgerond. Hieruit blyk reeds 'n hegte struktuur van die oënskynlik losstaande leksikale items. Dit korreleer met Sötemann se lesing van die basisgedig "Regen". Hy vat dit soos volg saam:

> Zo vormen begin- en slotregel van de strofe (iii) als het ware de vlakken waarbinnen de immense, gedetailleerde, rest van het subject is '*bevat*' .... Op het eerste gezicht al heeft de slotstrofe een gesloten, om niet te zeggen: *be*sloten, bouw.
>
> (Söteman 1985: 163)

Vanweë die beperkte ruimte van my artikel word volstaan met slegs enkele moontlike voorbeelde van relevante intergedigtelike gesprek, wat deur die frases in die transkripsie geaktiveer word. Dié verwysings sou egter vermenigvuldig kon word. In Cloete se genoemde opstel, "J.H. Leopold oor die dromende denke" (1970: 183-200), kom talle verwysings na gedigte van Leopold voor as voorbeelde van die digter se poëtika en wat vir die onderhawige artikel betekenisvol is. Die bevindings in die artikel is egter gebaseer op selfstandige verbandlegging met Leopold-gedigte.

In Leopold se gedig "Cheops" is "de koning Cheops" in sy "weidsshe vlucht" "door de ruimten", deur "'*s hemels gansche diepte*", onder andere geboei deur die "jong ontsprongen / *glanzende lichamen*" (p.134) wat uiteindelik waargeneem word as "*het wenken*, / de stille polsslag en *het snikkend licht* / der enkelsterren". Hierdie "lichten" is "elk / *in eigen sfeer gehangen*" (p. 135). Cheops keer terug van hierdie "hemelvlugte" na die aardse "*kristal*", die "*levende vorm*", "de schemerende spits, *waarop het licht / in schichten afbrak* en de *glinsterwanden*, / waar het gekaatst als op een strak metaal / *versplinterd schitterde*, de zijden zuiver / afgepolijst en effen *blank geslepen*, / de *driehoekvlakken met hun hemelglans*" (1951: 136; my kursivering). Die vergelykbare funksionering van die beklemtoonde begrippe uit "Cheops" en sleutelkonsepte in die gedig "Regen" betrek dit by ooreenstemmende semantiese velde. Dit speel 'n rol in die metaforiese opbou van 'n poëtologiese "universum"

(by implikasie dié van die "taalkristal"). In die Cloete-transkripsie word deur hegte strukturering (soos verder beredeneer) prominensie verleen aan die sentrale tema van die gedig: die "ganse heelal" met sy "ligte en vergesigte" is daar "ter wille" van die "taalkristal". Dit lê verdere poëtologiese verbande met Leopold se oeuvre.

Terwyl in "Cheops" 'n dinamiek plaasvind vanuit die kosmos na die gekonsentreerde vorm van die "kristal", vind die beweging in "Oinou hena stalagmon" omgekeerd plaas: "... een *enkle pereling* / doordringt *de gansche helderheid* en *deelt / haar wezen mede* aan de verste stranden, / *den diepsten bodem* ... tot zij kwam / tot *alomvatting*, tot een in zich zelve / teruggekeerde *gelijksoortigheid*" (Leopold 1951: 116; my kursivering). Die "taalkristal" van Cloete se gedig, wat korreleer met Leopold se "trilkristal" (reëndruppel) uit "Regen", konsentreer by implikasie nie slegs die "ganse heelal" vormmatig nie. Die kristal, miniatuur "heelal" wat tegelykertyd geïsoleer én gerig op en deel van 'n uitdyende heelal is, impliseer 'n wesenseenheid deur dié wisselwerking. Bevoorgronding van ligkonsepte is telkemale opvallend.[12] Dat hierdie sieninge 'n stilisties-poëtikale "voorkeur" tipeer, word ondersteun deur die volgende opmerking van Sötemann (1985: 167):

> Het is een *wijze van zien* die erop neerkomt dat de opperste orde van het oneindige deel heeft aan, sterker: zich volledig en volkomen *bevindt in*, het kleinste en onaanzienlijkste. Het gedicht is de perfect georganiseerde uitdrukkingsvorm van dit besef.
>
> (Sötemann 1985: 167)

Die gedigreeks 1. "Beduimelaars", 2. "Kleinduimpiewerk", en 3. "Kleinduimpiery" (1989: 145-147) verteenwoordig dié voorbeelde uit Cloete se oeuvre wat aan die lig bring dat hy in die "Leopold"-gedig nie slegs die fokus plaas op 'n bepaalde "wyse van sien" van die genoemde digter nie. Dit korreleer met sy "eie wyse van sien". Dit manifesteer ook in die teksstrategie waardeur in "een gedig" die "eiesoortige stem" en die werkwyse van 'n hele oeuvre resoneer. Die gedig "Kleinduimpiery" uit bogenoemde gedigreeks van Cloete het as motto: "the microcosm repeats the macrocosm".

Volgens die volgende reëls uit "Oinou hena stalagmon" word die bovermelde "eenwording" gekenmerk deur 'n (skeppings)dinamiek: "al dit blank element / bespeurt de dunne menging en *de fijn-* / verdeelde kracht, *de spanning* durende / den gansche langen afstand, tot zij kwam / tot alomvatting, tot een in zich zelve / teruggekeerde gelijksoortigheid" (1951: 116; my kursivering).

Die geïmpliseerde interaksie van gedigte fokus opnuut die aandag op die verband tussen "trilkristal" en "taalkristal". In Cloete se transkripsie word Leopold se "trilkristal" as "aanwesig" veronderstel. Die komponent "tril" wat

omskryf kan word as "baie vinnig heen en weer beweeg", impliseer dat dit 'n dinamiese (vol kragtige beweging) vorm is. Veelseggend (dus ook meervoudig interpreteerbaar) beklemtoon die twee sleutelkonsepte, "trilkristal" en "taalkristal" onderskeidelik, elk hoofsaaklik een van die bogenoemde twee kosmiese bewegings. Dit is relevant dat Cloete se fokus op "kristal" (in die opvallende slotposisie van die gedig) met ander woorde "'n inkeer tot die vorm" impliseer. Die slotreëls van Cloete se gedig "Droomhuppel 2" ondersteun die afleiding dat dit gaan om 'n karakteristieke digterlike procédé. Dié reëls lui soos volg: "op my werf tel // ek die juwelekissie se sterre oor in gedigte" (1989: 178).

Die poëtologiese implikasie van "Oinou hena stalagmon" word deur die volgende reëls bevestig: "En nu, wat in mij is, deze gedachten, / dit stille zich verbinden, wisselend / tusschen bij onbekommerd dwalen gaan / een toevalrijk ontmoeten en den drang / naar een verlangde andere, die vóór- / stond en ontzweefde, dan met grooter klem / gezocht en onverhoeds gevonden werd / in effenend versmelten". Die "jonge vorstendaden" van die "levende vorm" blyk wanneer "deze denkenspolsslag", "brak het volzijn van de tijden aan", kom onder "het werk van zijn gebod en zijn genade / en zij triumf en oppermachtigheid" (Leopold 1951: 117, 118, 119). Soos geïmpliseer in die slotreëls van Cloete se transkripsie, kom die "ganse heelal" onder die vormdwang (in die onderhawige poëtikas geassosieer met eros) van die "taalkristal".

Die antonimiese frase "die swart van die grond ("akkerzwart" in die basisgedig) en stralende wolke" roep onder andere 'n ewe sentrale poëtologies-interpreteerbare gedig van Leopold op, naamlik "De molen" (1951: 79). Cloete ontleen sy belangrike konsep van die digter se "dromende denke" aan hierdie gedig.[13] Die "*donker*", "bedommeling en het roet" van benede word deur "de grijze wieken" van "den molenkop" verbind met "de *hemelhelderte*". Die dromende denke "hecht er zich" aan en "Op deze wieken en op hun spil, / die immer en immer zich wenden wil, / is het gegrepen en aangevat / als op een spakenrad, / een garenhaspel, een rafelwinder / van draden". Dit word "onuitputtelijk aangevuld" en gee aanleiding tot, - "midden in dit struweel / een verdichtingsbegin" - wat, veelseggend, nogeens as "grijs *juweel*" getipeer word (my kursivering). Hierdie persepsie vorm 'n parallel met die reëndruppel (die trilkristal) wat geïsoleer word uit die reënbui maar nietemin die "spakenrad ... van draden" tussen "hemel en aarde" bevat. Dit word sigbaar deur middel van die taalweefsel van die gedig.

Die slotreëls van "De molen" lui: "Welke vinger had / den hoogen luister aangevat / en iets van verre aetherschat / gebracht in deze huizenstad?" Geplaas binne hierdie ruimer konteks (geïmpliseer deur die uitdyende grense wat gekonsentreerd in die "taalkristal" aanwesig is), word die ongedefinieerde koppeling van "swart grond" en "stralende wolke" in Cloete se transkripsie meer as los-

staande frases. Elkeen van die genoemde elemente is immers by implikasie deel van die geheel. Die metaforiese reëndruppel uit die basisgedig, komende van die wolke, verbind grond en lug met implikasie dat dit vrugbaarheid skep. Die konsep "akkerzwart" uit die basisgedig versterk hierdie implikasie. Hierby sluit aan die verwysing in "De Molen" na die "altijd nieuw geploegde voor", wat geassosieer word met die "eindeloos kringenspel" van die wiel. Hierdie skakeling word deur assonansie en alliterasie klankmatig ondersteun maar beklemtoon andersyds die dubbele antonimiese verhouding; "swart - stralende" en "grond - wolke". Dit aktiveer 'n metafisiese dimensie (kwaad - heiligheid) wat aansluit by die ooreenstemmende betekenismoontlikheid van hemel (hemels) en aarde (aards). Die *afstand* tussen "hemel" en "aarde" word teenstrydiglik verklein deur die leksikale koppeling binne die begrensing van 'n gedig maar desondanks gehandhaaf deur die antonimiese verhouding. Dit skep meerduidigheid deurdat die nouer koppeling enersyds die aandag sterker vestig op die antitetiese verhouding. Danksy die gedigvorm harmonieer hierdie teenoormekaarstaandes egter andersyds.

Benewens die reeds genoemde antonimiese verhoudinge in die transkripsie is daar 'n opvallende kontrastering van natuur en kultuur in die enumerasiereeks. Dit blyk veral uit die koppeling van "verward / bewegende mense" en by implikasie, *vloeiende* "strome". Die teenoormekaarstelling van hierdie twee elemente word ondersteun deur die staande rym wat gebruik word in die geval van "verward" teenoor slepende rym in die geval van "strome".

'n Kontrastering van die onrus van mense teenoor harmonie in die natuur kan as kenmerkende temas in Leopold se oeuvre onderskei word. Die gekonsentreerdheid van die transkripsie intensiveer hierdie kontras. Botsende kragte word by implikasie onderwerp aan 'n nuwe ordening binne die gekonsentreerde taalvorm, soos dit onder andere in "Cheops" gebeur.

Die ritmiese ordening in Cloete se gedig ondersteun eweneens die implikasie van samehang en in ewewig bring van botsende of opposisionele kragte/magte. Die grammatikaal-afwykende vervanging van kommas deur wit spasies in die gedig plaas sterker klem daarop dat die antonimiese frases selfstandige en betekenisvolle eenhede in sigself is. Wanneer die intergedigtelike verbandlegging in aanmerking geneem word, kom 'n ander aspek van kombinasie naas seleksie ter sprake. Die metonimiese funksie van die reeks tree op die voorgrond - elke frase verteenwoordig 'n aspek van Leopold se poëtika en vorm 'n deel van dié geheel. Die afwesigheid van kommas versterk die indruk van aaneenskakeling, van gelyksoortigheid, naas die kontrastering deur middel van die jukstaponering van antonieme.

Deur middel van enjambering en interne wit spasies is die gedig georden in 9 ritmiese frases wat tematies soos volg getipeer kan word:

1 hemel en aarde
2 natuur (grond en wolke)
3 mense
4 natuur
5 kultuur - mense
6 samevoeging van natuur (ou bome) en kultuur/mense (ou huise)
7 kultuur / mense (verkeer op paaie)
8 natuur (weer en onweer)
9 hemel (ganse heelal) en aarde/kultuur (taalkristal).

Die balans tussen kragte of verskynsels van hemel en aarde, natuur en kultuur, blyk uit hierdie ordening. Verbandlegging deur middel van klank-, ritmiese en semantiese patroonvorming fokus telkens die aandag op meerduidige verdigting in die gedig. Hierdeur kan 'n bepaalde aspek van die metaforiese verhouding met "trilkristal" onderskei word. Die stilisties-linguistiese strategieë wat formeel manifesteer in die "taalkristal" (taalstruktuur) is vergelykbaar met die soort verhoudinge of skeppingsdinamiek tussen hemel en aarde waardeur patrone of ordening sigbaar word (vgl. die vermelde gedigte "De molen", "Oinou hena stalagmon" en "Cheops").

Karakteristieke simbolistiese merkers

In sy rekonstruksie van die ontstaansgeskiedenis van Leopold se onvoltooid geblewe gedig, *Naast ons, naast ons, achter het riet,* het Sötemann (1980: 61) gewys op "een 'verzelfstandiging' van de landschaps metafoor". Dit vorm, volgens hom, geen sierelement maar bly wesenlik verbonde met die melodie en val in sekere sin daarmee saam. Die melodie van die rietfluit kan gelees word as metafoor vir die gedig. Die landskapsmetafoor het dus nie 'n "anekdotiese waarde", volgens Sötemann nie. In Cloete se "Leopold"-gedig het dit eweneens geblyk dat die landskapsverwysings geresepteer is en geïmpliseer word as poëtologiese verwysings. Dít verteenwoordig naamlik karakteristieke "boustene" van Leopold se poësie.

In *Soms in de volte van de straat* gee Leopold poëtologies rekenskap van die kenmerkende isolering uit (menslike) bedrywigheid, wat 'n "verdigtingsbegin", dit wil sê die konsentrasie van taalkerne in 'n gedigvorm, impliseer. Dit kan uit die volgende versreëls afgelei word:

> Soms in de volte van de straat, / het stooten en het zich verdringen, / het donker golvende gewoel, / het horten en de strompelingen, / ..../ is het als was er een begin, / is het als had zich iets bewogen, / als maakte zich een schaduw los," /

> een wolk, een schijnsel voor uw oogen, / een vleug, *een trillende figuur* / een vloeiende verdubbeling ....
>
> (Leopold 1951: 248; my kursivering)

Saamgelees met hierdie gedig blyk dit dat die frase, "verward bewegende mense" in die Cloete-gedig, 'n ruimer toepassing het as die konteks van die basisgedig, veral wanneer dit, soos aangedui, saamgelees word met die laaste versreël.

Leopold se kontrastering van "verward bewegende mense" (onrus) en "strome water" (vgl. die verwysing na die "spel van de *vroolijke rivier*"; my kursivering) blyk byvoorbeeld in *Gij stondt en leundet aan de brug*. Die "kantelend katarakt" met sy "steeds vervlietend wisselspel," word weer eens gekenmerk deur die spel van lig maar ook deur "een eeuwig door hetzelfde blijven, / als in geklonken hechtenis / in weerwil van het verder drijven" (1951: 251). 'n Distillering en isolering vind plaas soortgelyk aan dié wat geïmpliseer word in "Regen": "In wemelingen / *een tweede wereld openleit*, / eeuwig bestendig, onontrust / en van een andere werklijkheid" (Leopold 1951: 252; my kursivering). Die reëndruppel word implisiet uiteindelik ook deel van "strome" en dus van die "ewige" siklusse van hemel en aarde. Cloete se transkripsie impliseer dat die "taalkristal" gevorm/geïsoleer word "uit" die siklusse van aarde (menslike kultuurbedrywigheid) en hemel (natuurprosesse), soos verteenwoordig deur die samevoeging van die taalkerne van die enumerasiereeks in die gedig.

Die addisionele klankmatige koppeling van "wolke" en "strome" deur assonansie impliseer nog 'n moontlikheid van betekenisverdigting. Dit roep 'n verband op met Leopold se gedig *De beek is een velijnen blad* waarin die beek "een open letterschat, / een gulden labyrinth" is; "de wolk, die overdrijft, / zet er de stippen en de titteltekens in" (1951: 142). Anders as die bewegende mensemassa bevat die stroom se dinamiek (*Gij stondt en leundet aan de brug)* "de diepzinnige tegenspraak: / rust in een glad vervloeiend water, / tevredenen en zonder twist / bijeen het vroeger en het later". Die dromende denke van die digter se spel en teëspel word in die slotreëls van die gedig duidelik: "Zooals gij aan de leuning staat / en meegaat met de wentelingen / en het gewoel; zoo stond ik stil / en mijn gedachten verder gingen" (p. 252). In elke geval blyk Leopold se kenmerkende procédé van "verselfstandiging" van die landskapsmetafoor tot poëtologiese simbool. Op grond van hierdie verband ondergaan ook die frase "strome water", wat nogeens saamgelees kan word met die slotreël van die Cloete-gedig, soos die ander frases, betekenisverdigting.

Nêrens word die vormingsproses van die gedig aanskouliker voorgestel as in "Cheops" nie. Te midde van al die kosmiese stroming en stuwing, "al de pracht der myriaden", ontstaan die "vruchtbegin": "als eerst begin / van zoekende eenheid en afzondering, / levende vorm, die ongeschonden toonde / zijn held'ren

tempel en zijn onontsloten / binnenste woon en geheimzinnigheid" (p. 137). In die gedig word die "miljardevoud" van die skepping gekonsentreer maar nietemin "gereflekteer" (geïmpliseer) deur die veelvuldige en dinamiese samehang van taalkerne (vergelyk in dié verband die betekenisvolle spel met ligkonsepte). Hierdie uitgangspunt manifesteer eweneens deurlopend in Cloete se oeuvre. In "Die gedig is 'n refleks" verwoord die digter dit soos volg: "die gedig van vreugde of pyn ontplof / uit donsklein geringhede en word / tot 'n wye stelsel uitgestort / van gloeiende asteroïde stof" (1989: 34).

In frase na frase van Cloete se gedig resoneer Leopold se "poëtiese mitologie" of stilistiese "heelal" ("universe"). Jakobson omskryf eersgenoemde konsep soos volg:

> In the *multiform symbolism* of a poetic oeuvre we find certain constant organizing, cementing elements which are the vehicle of unity in the multiplicity of the poet's works and which *stamp these works with the poet's individuality.* These elements introduce the totality of a poet's individual *mythology* into the variegated tangle of often divergent and unrelated poetic motifs.
>
> (Jakobson 1979: 237)

Die voortdurende beweging van mens en natuur hou die dromende denke van die digter geboei. "Er is een leven in wat bewegen", lui dit in *Staren door het raam* (Leopold 1951: 57). Ook "planttyd" (aksie, toekomsgerigtheid, gesuggereer deur "ploeë) en rustyd (vertoef in die verlede, beklemtoon deur die herhaling van "ou") wissel mekaar af, soos afgelei kan word uit die antonimiese paar "ploeë / ou bome voor ou huise" (Cloete 1986: 63).

Leopold se bekende gedig, *Om mijn oud woonhuis peppels staan,* met sy refrein <<mijn lief, mijn lief, o waar gebleven>>, is 'n voor die handliggende interteks van "ou bome voor ou huise". Dié huis "hol en vol duisternis" word simbool van 'n ander soort onrus: "Er woont er een voorovergebogen /.../ met leege oogen / en die zijn vrede en rust niet vindt" (Leopold 1951: 56). Die ironiese teenstelling tussen bevrugtende aktiwiteit (geïmpliseer deur "ploeë") teenoor stilstand/afsondering maar onrus, word in die transkripsie deel van 'n ritmiese vloei en eb. Hierdie indruk word versterk deurdat "ou huise" gevolg word deur 'n volgende kontrasterende frase: "die verkeer op die paaie". Dit beklemtoon sterker die kontras tussen stilstand en beweging (vooruitgang). Klankmatig reik "verkeer" terug na "verward". Daarmee word die semantiese verwantskap van "bewegende mense" en "die verkeer op die paaie" gesuggereer. Anders as die "steeds vervlietend wisselspel," van strome wat nietemin "eeuwig door hetzelfde blijven", impliseer die "verkeer op die paaie" 'n voortstuwingsdrang wat kontrasteer met "ploeë", by implikasie "verouderde" (en vertraagde) tegnologie. Dit sluit egter weer aan by "ou bome voor ou huise". Dié moontlik-

heid word ondersteun deur die feit dat "ploegpaarden langs den weg" in die transkripsie vervang is met "verkeer op die paaie".

Hierdie kontraswerking vestig die aandag op 'n moontlike verbandlegging tussen die wêreld van die ouer digter (Leopold) en dié van die eietydse digter (Cloete). Laasgenoemde is blootgestel aan intensivering van verskynsels van tegnologiese vooruitgang wat 'n kontras vorm met die natuur. So 'n lesing word ondersteun deur onder andere Cloete se gedig "N.A.V. FvdH WEGL en JFEC". Die volgende versreëls laat blyk dié verband: "Soggens as die boere / diklywig lande toe ry / met hulle Fords, verby / is die tyd van die toom / en saal vir goed, stroom / die motors in sierlike snoere / na die polsende gasvrye middestad." Die duidelike betekenisvolle strukturering van frases impliseer dat hede, verlede en toekoms deur die "taalkristal" tydloos "amalgameer" (1982: 22).

In watter mate die wisselwerking tussen "ploegtyd" en "isolasie", stilstand en vooruitgang 'n natuurlike ritme suggereer, blyk uit die volgende reëls uit "Mijn huis donker": "O wondere tegenstrijdigheid, / de lente, de nieuwe tijd / brengt naar vroegere tijd / en oude eeuwen / waarin het leven en zacht / en zonder feilen wordt gedacht" (Leopold 1951: 532). Die volgende versreëls uit "Albumblad" sluit hierby aan: "Maar ook, hoe is in dit ontplooien / een andere erkentenis bereid; / verwelken wordend uit voltooien, / des zomers dubbele wezenheid" (p. 173). In die transkripsie word die suggestie van so 'n "lewensritme" gerealiseer deur semantiese, maar ook ritmiese ordening en ondersteun deur foniese verbandlegging.

"Weer en onweer" resoneer klankmatig "wolke" waardeur die logiese semantiese verband uitgelig word. Dit aktiveer weer verbandlegging met die basisgedig "Regen", waarvan die begin lui: "De bui is afgedreven; aan den gezonken horizont / trekt weg het opgestapelde wolken;" (Leopold 1951: 83). Na aanleiding van hierdie versreëls kan afgelei word dat in die transkripsie daarop gefokus word dat die vorming van die "reëndruppel/kristal" volg ná of afhanklik is van "weer" (positief - vergelyk die uitdrukking "die weer is mooi") en "onweer" (negatief, slegte weer). Kontrasterende ervarings van reën as "weer" of "onweer" voorsien desgelyks kreatiewe boustof vir die vorming van die "taalkristal", soos aangedui is met voorbeelde uit Leopold se oeuvre. Hierdie afleiding word verder ge-motiveer deur die volgende versreëls in "Van onder uit de wolken" ("Schetsen en Fragmenten"): "de hemel is vol wenschgebeuren / openheid over land en zee" (p. 497). Hierdie "wenschen" word bestempel as wondere mogelijkheden" ... "pas geboren". Die poëtologiese implikasie is voor die handliggend. Die teks-strategie in die transkripsie in wisselwerking met die basisgedig plaas die allesinsluitende vermoë van die "droomdenke" vanuit verskillende perspektiewe op die voorgrond. Helderheid of wasigheid, bo of onder, hemels of aards, lig of donker (by implikasie goed of kwaad), vrugbare

grond of bevrugtende reën, verwardheid of harmonie, oud en nuut, vooruitgang of vervloeë tye, mooiweer en storm ... is daar ter wille van 'n taalkristal.

Die frase "weer en onweer", wat verband hou met die eerste versreëls van die basisgedig, word in die transkripsie, veelseggend aan die einde van die enumerasiereeks geplaas. Dit suggereer 'n sirkelbeweging waardeur die eerste twee strofes van die basisgedig inbegrepe by die belangrike slotstrofe veronderstel word, juis omdat die een (semanties en vormgewys) nie sonder die ander bestaan nie.

Die inherente dinamiek van die "taalkristal" het eweneens te maak met 'n onderskeiding tussen chaos en orde, soos dit blyk uit die afwisseling van wrywing/stilstand en vloei. Daar word soos volg verwys na hierdie aspek in nog 'n belangrike poëtologiese gedig van Leopold, "Chawan": "in deze scherf, indeze grove wand / den ouden oorsprong des heelals te zien, / den chaos en de ordening van dien / *verwarden aanvang en bereikt bestand*; / // in korsten van geronnen kleurenvocht / den in opbouw en het stout gewrocht / voortdurend / volmakende is beturend, / te hooren overstortend het gebod, / de stem, te liggen aan de borst van God" (1951: 289; my kursivering). Die kunstige vorming ("ordening") van die taalkristal volg 'n waargenome skeppingsordening na, selfs tot in die strewe na die "voortdurend / volmakende".

Dit blyk deurlopend dat die fokus in sowel Leopold as Cloete se oeuvres geplaas word op die prosesse van digterlike vormgewing - 'n wisselwerking wat manifesteer in Cloete se "Leopold"-gedig. Die resultaat hiervan is 'n kenmerkende digterlike styl van "vormdigtheid" of "tekstuele verdigting". Die uitwerking hiervan op die teksproduksie kan saamgevat word in die volgende opmerking van Fowler:

> ... literary language [lees "this poetic style"] draws the reader's attention to its own artifices of construction - cohesion or collocation, say, does not function merely as an aid to communication but under foregrounding becomes itself a pattern for independent notice. Signs become palpable, while the objects they designate are backgrounded into subordinate importance. The medium becomes more prominent than the meaning ....
>
> (Fowler [1986]1996: 96)

Benewens die aangeduide semantiese verdigting wat geïmpliseer word deur Cloete se enumerasietegniek, roep dit ook Leopold se "plezier in het beschrijven en evoceren om hun zelfs wil" (Sötemann 1985: 133) op - 'n verdere eienskap van sy poëtolek. Dorleijn tipeer hierdie procédé soos volg: "De kern-procédé's staan doorgaans in dienst van de *suggerering*, het evocerend omspelen van de essentie" (1984: 249). Dit is vergelykbaar met Cloete se teksstrategie.

Die in ewewig hou van verskillende Leopold-tekste in die enkele gedig onder

sy outeursnaam, funksioneer as ikoon van die gedig as "'n amalgaam" van tekste, waarvan die outeur self 'n teks-element is (Cloete 1986: 99). Die standpunt dat die gedig 'n weefsel van tekste is, word ook in talle ander gedigte in die bundel *Idiolek* geïmpliseer. In "Voëls met nuwe teks" lui die slotversreëls: "die onderlipmaan / vrou mier voël / hulle dra dag en nag teks aan" (p. 11). Uiteenlopende literêre voorgangers word by name verteenwoordig in dié bundel. Dit impliseer ook die interaksie met hulle tekste en poëtikas. Dieselfde verskynsel manifesteer in Leopold se poësie. Die koning in "Cheops", "opgenomen / in de doorluchte drommen en den stoet / der smetteloos verrezenen, die dreven / door alle hemelen", *"richten (zich)" aanvanklik "naar anderen"* voordat die "eigenzinnigen despoot" *inkeer na "den zuiveren schoot"*. Met "rustige voldoening" kan die "grijze sobere" uiteindelik die "gestalte, zoo bezonnen en doordacht, / *van zulk een eendracht en een samehang / en innerlijk verband, of zij ontstond* / uit ééne oorzaak" waarneem - "zijn bouw / uit 's werelds voortijd van tesaamgeschoten / bundels om hunnen pool, als eerst begin / van *zoekende eenheid en afzondering* ..." (Leopold 1951: 133; my kursivering). Veelseggend blyk uit hierdie versreëls dat intertekstualiteit in die poësie 'n manifestering is van "eenheid" én van "afsondering", op soortgelyke wyse as wat die reëndruppel isolering is en deel van die bui wat reeds verby getrek het. Herrangskikking van partikels uit die geheel wat nuut tot stand gekome konvensies van kohesie en koherensie "gehoorsaam", gee aanleiding tot die eiesoortige dinamiek van 'n identifiseerbare "unieke" eksemplaar. Die leesaksie verg dekodering van elke fase van hierdie verwikkelde "spel" - 'n proses wat gesuggereer word deur die enumerasiereeks in Cloete se "Leopold"-gedig.

Die foniese verweefdheid

Die hegte struktuur van Cloete se transkripsie het reeds geblyk uit die leksikale samehang. Die Leopoldiaanse "tesamenzette met een wonderfijne balans / tegen elkander, / elk als onderdeel / zich voegend en beurtelings / anderen bepalend, / *dienend en weer gebiedend*, / een gebod ..." (1951: 483) word ook in die klankstruktuur van die transkripsie gemanifesteer. Die foniese verweefdheid van die sleutelkonsep "taalkristal" het die verwikkelde maar noukeurig geordende taalstruktuur gesuggereer.

'n Dinamiek word verder in die gedig gestimuleer deur die enjamberende versreëls en vanweë die afwesigheid van leesteken- en hooflettergebruik. Die wit (stil) "oomblikke" in die teks versterk die indruk van eb en vloei. Dit impliseer ook afwisseling van klank (taal) en stilte. Nijhoff verwys na die poësie se tendens van "inademen op de levende plekken" en vervolg: "Hierdeur ontstaat

telkens een ondeelbaar moment een stilte, juist op die levende plekken, en dit trillend oponthoud confronteren ziel en oneindigheid" (1966: 14). Semanties ondersteun dit die metaforiese komponent, "*tril*kristal" van die basisgedig, wat in die transkripsie veronderstel "aanwesig" bly. Uit verskillende aangehaalde versreëls uit gedigte van Leopold het dit geblyk dat die "stiltes tussen woorde" 'n betekenisvolle procédé in sy oeuvre is. Dit funksioneer eweneens as meerduidige strategie in Cloete se oeuvre.

Die tien versreëls van die transkripsie het deurgaans paarrym, en alternatiewelik slepende rym en staande rym tot die agtste versreël. Dit beïnvloed die ritme van die gedig en kan gelees word as ondersteuning van die gesuggereerde golfbewegings wat saamhang met mekaar-afwisselende alternatiewe. Die laaste twee reëls waarbinne die res van die "gebeure" gekonsentreer word, kom paslik tot stilstand met 'n staande rympaar. Die enjamberende versreëls bewerkstellig rymverdoeseling. Dit plaas alternatiewelik die fokus op die deurlopende assonansie en alliterasie in die versreëls en skep die illusie van deureengeweefde patrone. Klankmatig word deur eindrym, assonansie en alliterasie elk onderskeidelik verbande gelê tussen leksikale items. Die wisselwerking tussen klank- en semantiese patroonvorming dra by tot die totstandkoming van 'n polifoniese struktuur.[14]

Die klankstruktuur in die transkripsie korrespondeer met Leopold se kenmerkende gemotiveerde gebruik van foniese elemente in sy poësie. In sy lesing van die basisgedig "Regen" kom Sötemann byvoorbeeld tot die gevolgtrekking:

> Alles wat men nu kan vaststellen is een ongewoon sterke binding tussen de rijmklanken ... en de zeer sterke assonantie in strofe iii. Dat wil zeggen dat op het niveau van het eindrijm de "conventioneel-poëtische" laag van het vers opmerkelijk "dicht" is.
>
> (Sötemann 1985: 155)

Ook klankmatig is die Cloete-gedig ikoon van die Leopoldiaanse procédé van 'n fonies hegte klankgestalte. Omdat "die digterlike denke", volgens Cloete "'n komponerende, organiese instrument is, samestellend, eenheidskeppend", word wat "die gedig op die beskrywende vlak sê, ooreenkomstig gesê in die klank, in die ritme, in die sintaksis, in die opbou van die gedig .... Hierdie organiese dink, voel, wil, openbaar hom in baie aspekte, ook in die ikonisiteit van die teks" (1984: 11). "Ikonisiteit" het dus vir Cloete te maak met "die menigvuldigheid van die kommunikasiemiddele waarmee die gedig praat" (1984: 10). Cloete se transkripsie kommunikeer "op tientonige" wyse Leopold se poëtika. Hierdie "tientonigheid" van die gedig is vergelykbaar met die "veelkantigheid" van die kristalvorm.

Die tien versreëls van die transkripsie word gereduseer tot 'n versreël van tien

sillabes in die laaste versreël, die enigste met tien lettergrepe. Hierdie oënskynlik toevallige samehang blyk egter, binne die heg gestruktureerde geheel, simbolies veelseggend. Tien is die erkende simboliese getal van volkomenheid. Dit beteken die terugkeer na eenheid. Dit is hierbenewens simbolies van spirituele uitnemendheid sowel as van eenvormigheid van funksie. Op metafisiese sowel as materiële vlak simboliseer dit die totaliteit van die skepping omdat dit alles verenig (Cirlot 1982: 234). So 'n interpretasie sluit aan by die strukturele en semantiese implikasies van die gedig. Die volgende versreëls uit "Holofrase" is 'n aanduiding dat dit ook versoenbaar is met die *outeursidiolek*: "goddelikheid is 'n sfeer / son planete kolkwolke / dit wat roteer / watertregters wind mane / aarde polka / seestrome pavane / dit wat volueer / word windend méér" (Cloete 1986: 118). Die gedig verwys na die tendens wat ook in Leopold se digkuns voorkom, naamlik dat wisselwerking en samehang tussen kosmiese "bedrywigheid" en die digterlike skeppingsdrif in die gedig "gebeur". Dit word onder andere geïmpliseer in die basisgedig.

Outeursidiolek

Die poëtikatradisie waarby sowel Leopold as Cloete se poëtologiese uitgangspunte aansluit, kan getipeer word as dié van *taaleiesinnigheid* (vgl. Nel 1992: 77). In "Ballade van die digter" (Cloete 1986: 66) word na die digterlike bedryf verwys as "taalskadeloosstelling". Dit kan 'n verwysing wees na die defamiliarisering van taal. Die twee slotreëls van Cloete se transkripsie kom op die oog af "aanmatigend" voor. Dié vooropstelling van die taalkode het egter implikasies. Die verhouding wat daarmee geïmpliseer word, is dié van selfstandige vorm (kristal) of miniatuur "heelal" by implikasie met eiesoortige "vormdwang", as "transkripsie" van die "ganse heelal". In Leopold se gedig "Ik zag met pronk en kostbaarheden" (1951: 151) lui dit: "Schoonheid is tyranniek gezind / en zelfgerecht en voert bewind / naar eigen wil en welbehagen!". Sowel Cloete as Leopold se oeuvre lewer blyke van 'n inherent stuwende vormdinamiek wat die "weerbarstige" taal na eie wense vorm. Sötemann verwys daarna as "taalmetafysica" (1985: 123).

Meervoudige funksie van die natuurgedig

In Cloete se oeuvre blyk dit dat sy produktiewe poëtiese verwerking van natuurverskynsels, soos in die geval van ander kodes in sy poësie, gepaard gaan met wetenskaplik-gekonsentreerde belangstelling in die fisiese wette wat

daaragter lê. Uit die volgende opmerkings (as inleiding tot Wolfson & Pasachoff se *Physics*) kan afgelei word waarom sulke natuurwetenskaplike "feite" die skeppende kunstenaar mag interesseer:

> Physics is fundamental. To understand physics is to understand *how the world works*, both at the everyday level and on scales of time and space so small and so large as to defy our intuition .... *It challenges with its needs for precise thinking* and for the application of mathematics in the solution of physical problems. *It can be subtle in its interpretation, especially where the phenomena it describes seem at odds with our everyday ways of thinking.* Perhaps most important, though, physics is simple. Its few fundamental laws are stated in the simplest of terms, yet *they encompass a universe of physical phenomena, both natural and technological.*
>
> (Wolfson & Pasachoff 1987: V; my kursivering)

Wanneer die natuurwetenskaplike kode in aanmerking geneem word, word die transkripsie van "trilkristal" na "taalkristal" ook op hierdie vlak semanties produktief.

Die kristal funksioneer as 'n sleutelkonsep in sowel Leopold as Cloete se oeuvres.[15] Vir albei gaan dit om die strukturele wonder van dié miniatuurvorm. Dit maak onderskeiding van die besondere in die geheel moontlik maar ook interne detail, asook interne en eksterne samehang en verbandlegging. Die idiolek is die draer van hierdie onderskeidingsbeginsels.

Enkele elementêre wetenskaplike gegewens in verband met die sleutelkonsepte "druppel" en "kristal" in die gedig is voldoende om aan te dui dat "parallelisme" ten opsigte van vormaspekte net so 'n belangrike rol speel soos die metaforiese verhoudinge op semantiese vlak.

1 Dit is 'n merkwaardige feit dat feitlik elke soliede partikel in die heelal min of meer bestaan uit kristalle. Die geheim hiervan is geleë in die manier waarop die atome saamgevoeg word. Volgens Sonia Withers (aangehaal deur Bronowski et al. 1960: 30): "Atoms are the building bricks of the world around us. And we find that nature is tidy. The bricks are carefully arranged in an orderly way. The atoms build beautiful patterns in space. So it does not matter whether a crystal is soft or hard, clear or cloudy, a metal or a fibre. All that matters is that inside the substances the atoms must make a regular pattern" (1960: 30). Kristalle is soliede patrone wat driedimensioneel gerangskik is. Elke element en samestelling vertoon 'n eiesoortige patroon.

Die proses van kristalvorming (alternatiewelik patroonvorming) vorm die basis van ooreenkoms tussen "wetenskaplike inligting" en poësie. Hierdie verband

word gelê in Cloete se gedig "God die digter" (1989: 49), waarin dit gaan om die "poësie van natuurvorms", onder andere van die sneeuvlokkie. Hieruit blyk Cloete se "natuurwetenskaplik-gemotiveerde" poësie-opvatting.

2 Die vorm van die reëndruppel word soos volg omskryf in Sears, Zemansky en Young: "... a drop of liquid under no external forces, or in free fall in vacuum, is always spherical in shape because the sphere has smaller surface area for a given volume than has any other geometric shape" ([1942]1982: 255). Die vorming van bolronde druppels word dus aan oppervlakspanning toegeskryf. Intermolekulêre kragte in so 'n vloeistofdruppel is sterk genoeg om die molekule bymekaar te hou en kan kohesiekragte genoem word (vgl. Hess [1967] 1981: 84, 85)."

Dit het geblyk dat die "bolvorm" van die gedig onder andere geïmpliseer is deurdat die eerste en laaste versreëls van Cloete se gedig "sluit". Intern is die gedig gekenmerk deur 'n in balans bring van teenoorgesteldes.

3 Wanneer 'n ligstraal 'n reëndruppel se oppervlakte raak, word lig weerkaats vanaf die wateroppervlakte. Die grootste deel van die ligstraal dring egter die reëndruppel binne .... Sonlig word deur reëndruppels weerkaats en gerefrakteer waardeur dit in alle rigtings in die natuur versprei word. Hierdie verskynsel is verantwoordelik vir een van die mees skouspelagtige natuurverskynsels, die reënboog (Anderson et al. 1960: 230).

Benewens die versreëls in Leopold se gedig "Regen", waarin die "ligwonder" van die "trilkristal" geïmpliseer word, blyk sy geboeidheid daarmee as fisiese wetmatigheid ook uit die volgende versreëls: "Des waterdruppels helderte doorturend / besefte ik den wereldoceaan / en zonnestofjes in hun spel beglurend / heb ik het wezen van de son verstaan" (1951: 200). Cloete se vervanging van "trilkristal" met "taalkristal" in die transkripsie "verplaas" hierdie ligwonder na die funksionering van die taalstruktuur. Die verband word gesuggereer deur die "ligte en vergesigte van hemel en aarde" uit die eerste drie versreëls, wat klankmatig en sintakties verbind word met "taalkristal" in die laaste versreël.

Jakobson lê eweneens 'n verband tussen bogenoemde soort fisiese wette en die funksionering van die taal. Bradford wys daarop dat Jakobson se teoretisering oor die poëtiese funksie nie verstaan kan word sonder om sy teorie oor die karakteristieke eienskappe van foneme in aanmerking te neem nie. Hy skryf hieroor soos volg:

> The theory of distinctive features is based on the premise that the phonemes of a language can be analysed or broken down into a small number of components

> or features. These are the linguistic equivalent of "atoms" from which the "molecular" phoneme is composed.
>
> (Bradford 1994: 110)

Die "molecular phoneme" word gesien as die "irreducible substance of the linguistic sign" (Bradford 1994: 123). Jakobson se oortuiging is:

> The poetic resources concealed in the morphological and syntactic structure of language - briefly, the poetry of grammar, and its literary product, the grammar of poetry - have been seldom known to critics and mostly disregarded by linguists but skillfully mastered by creative writers.
>
> (Jakobson 1981: 47)

In die lig van hierdie gegewens kan tot die gevolgtrekking gekom word dat Cloete se samestelling "taalkristal" nie slegs metaforiese verhoudinge impliseer nie. Dit hou ook verband met wetenskaplik-gemotiveerde parallelisme tussen 'n taalstruktuur soos die gedig en natuurvorme soos reëndruppels en kristalle. Die betrokke gedig is 'n eksemplaar van hierdie verband.

In sy analise en interpretasie van "Regen", Cloete se basisgedig, het Sötemann eweneens tot die gevolgtrekking gekom dat die slotstrofe van hierdie gedig

> niet alleen van een trilkristal spréékt, maar dat het daaraan ook de structuur manifesteert, vooral als men bedenkt hoe talloze subtiele interrelaties er verder nog binnen de strakke strofevorm voorkomen .... De strofe heeft niet alleen de *ordening* van een trilkristal, *in* de strofe zelf is ook de cosmos geëvoceerd .... Er wordt dus sterke analogie, om niet te seggen: identiteit, gesuggereerd tussen dat wat de dichter in zijn *vers* doet, en dat wat hij zegt dat er in de *regendruppel* gebeurt.
>
> (Sötemann 1985: 169)

Uit die analise en interpretasie van Cloete se gedig het geblyk dat dit gestruktureer is met die wete van polisemiese samehang in die unieke patroonvorming maar ook dat dit 'n splinter (druppel) is van 'n kosmiese samehang. Die tekstrategie in die transkripsie het egter ook blyke gegee daarvan dat Cloete die "kristalstruktuur" van die basisgedig geresepteer en poëties verwerk het.

Uit die genoemde voorbeelde van ooreenkoms tussen vormprosesse in die natuur en dié van digterlike taal, kan afgelei word dat die funksie van "natuurgedigte" in sowel Leopold as Cloete se oeuvres nie slegs estetiserend of metafories is nie. Die natuur is eweneens "teksboek" waarmee die digterlike skepping in 'n intertekstuele verhouding staan. Die gedig is geskep en word "in stand gehou" deur soortgelyke wetmatige prosesse van kohesie en koherensie as in die geval van natuurverskynsels. Terselfdertyd vorm dit deel (vgl. die

metaforiese reëndruppel) van die groter geheel (die metaforiese reënbui). Dit is hierdie uitgangspunt wat aanleiding gee tot die "innige vervlegtheid" (vgl. Sötemann 1985: 170) van gesigspunte in die gedig. Die "natuurgedig" is gelyktydig "poëtologiese vers" of "metapoëtika". Teen hierdie agtergrond is Cloete se keuse van 'n "natuurgedig" uit Leopold se oeuvre as tipering van sy idiolek of poëtika 'n betekenisvolle beslissing. Op grond van die genoemde geïmpliseerde ooreenkomsverskynsels kan tot die gevolgtrekking gekom word dat die natuurverwysings in Cloete se "Leopold"-gedig gelees kan word as bevoorgronding van die tekslinguistiek.

Samevatting

Cloete transkribeer 'n gedig van Leopold op so 'n wyse dat teksstrategiese karakteristieke van dié digter daaruit gerekonstrueer kan word. Volgens Enkvist dra die volgende elemente by tot die vorming van so 'n indiwiduele styl:

> Strategies and their tactical solutions come into being through decisions which weigh against each other the relative importance of incompatible elements .... And it is this arbitration that decides the ultimate surface form of the text and its sentences and fragments and other text units. It is this arbitration that selects the structure, from among the total repertoire, which best satisfies the text strategy in each individual instance.
>
> (Enkvist 1988: 145)

Tekslinguistiek en poëtiese styl hang ten nouste saam. In "De schrijver" verwoord Leopold sy belangrike credo: "des dichters klank, / vorm en zin / en rythme / het is als een" (1951: 482).

Afleidings oor Cloete se eie poëtika word ook moontlik gemaak deur teksstrategieë in die transkripsie te onderskei. Dit maak insiggewende verbandlegging tussen die twee idiolekte moontlik.[16] Die gedig se eiesoortige "taalmetafisika" verg noukeurige "ontrafeling" van die kundig en kunstig gesponne linguistiese web. Dit onderskei dié twee digters as behorende tot diegene wat, volgens Sötemann se tipering "vaak geobsedeerd blijkt door de mogelijkheden en beperkingen van het gedicht, zozeer dat het poëtisch proces als zodanig, zowel als de poetica, dikwijls tot onderwerp - men sou haast zeggen: tot de materie - van de poëzie zelf wordt" (1985: 123).

Notas

1. Verwysing na die digterlike denkwyse

2. Uit die gedig "Vir wie wil weeg, meet en tel" kan afgelei word dat "indiwiduele styl", dit wil sê wat "anders uit die eenderse geword (het)", volgens Cloete gesien moet word as teoreties 'n ontwykende aspek: "Ons staan daarmee verleë: / 1 + 1 is meer as twee" (1992: 5).

3. Vergelyk die volgende opmerking van Eimermacher:
   > ... uitdrukkingen uit de object-taal of bepaalde verschijnselen ervan (verkrijg) een metatalig karakter, doordat er de functie aan wordt toegekend bepaalde eigenschappen van de object-taal "te benoemen" en daarmee (metatalig) te representeren.
   >
   > (Eimermacher 1977: 54)

4. Numerering van versreëls ter wille van verwysing.

5. Daar word deurgaans gebruik gemaak van P.N. Van Eyck se uitgawe van Leopold se *Verzamelde Werk 1* omdat dit volgens inligting van Cloete, die uitgawe is wat tot sy beskikking was. Bladsyverwysings na gedigte van Leopold verwys na dié uitgawe.

6. Sötemann tipeer dit as "symbolistisch" en kommentarieer soos volg hieroor:
   > Waar het mij evenwel om begonnen is, was juist te laten zien dat deze literatuurconcepties in de moderne westerse letteren niet tijdgebonden zijn, en dat ze daarom ook niet kunnen dienen als "period concept".
   >
   > (Sötemann 1985: 124)

7. Vergelykbaar hiermee is ook die volgende waarneming van Jakobson:
   > Obviously the characteristic traits of one or another poet are manifesting themselves (in the text/ "grammar of poetry"), the features that are common to his different works as well as the specific properties of his different genres, the different stages in his poetic development or even in his different poetic experiments.
   >
   > (Jakobson 1983: 115)

8. Vergelyk Enkvist se tipering: "... style markers are contextually bound linguistic elements", asook die volgende opmerking: "To recognize style markers, a study must be made of the distribution of linguistic items in different, but related, contexts" (Enkvist 1964: 34).

9. Die volgende twee teoretiese uitgangspunte in verband met die funksionering van intertekstualiteit is hier van belang:

i) Van Peer: "Intertextualiteit betreft de potentiële overdraagbaarheid van uitingen over de tekst-grens heen, en hun assimilatie in nieuwe tekststructuren" (1987: 20).
ii) de Beaugrande: "Intertextuality subsumes the ways in which the text presupposes knowledge of other texts" (1984: 39).

10. Dorleijn omskryf dié begrip soos volg:
Daar is eerst het onderscheid tussen middelen (of operaties) en effecten. Eén operatie kan in principe effecten van verschillende aard teweegbrengen. Eén effect kan door diverse soorten operaties worden bewerkstelligd. De effecten zijn te beschouwen als gevallen van "foregrounding" en de middelen als veroorzakers van foregrounding.
(Dorleijn 1984: 15)

11. Hier word gebruik gemaak van die begrippepaar "source-domain" en "target-domain" soos gebruik deur Lakoff en Turner (1989: 63) om aan te dui dat dit gaan om die interaksie van konseptuele velde (genoem "metaphorical mappings"). Die Afrikaanse weergawe hiervan is voorgestel deur Prof. Leon de Stadler, Departement Afrikaans en Nederlands, Universiteit Stellenbosch.

12. *Herder* (1986: 119) dui aan dat die konsepte "bo" en "onder" simbolies korreleer met die verbinding van "lig" en "donker". Simboliese gebruike van "lig" sluit in inspirasie, die immateriële, lewe en vreugde.

13. Die verband tussen droom en "poëtische toestand" word eweneens deur Valéry onder andere soos volg aangedui: "Het poëtische universum vertoont ... sterke analogieën met wat we kunnen vermoeden over het universum van de droom" ([1957]1987: 118).

14. Die bydraes van onder andere Gräbe is in dié verband belangrik, bv. onder die lemma "Klank" in *Literêre terme & teorieë* (Cloete (red.) 1992b: 204-207) en in Viljoen, H. et al. *In teen die groot vergeet* (1983): Eksploitasie van klankmatige aspekte in T.T. Cloete se *Jukstaposisie* (1982).

15. As een van vier belangrike stylperiodes in die literatuurgeskiedenis onderskei Sötemann "de waardering voor het overlegde, koele vakmanschap en de daardoor te bereiken helderheid" as "het symbolistische 'enigme de cristal'" (1985: 127) soos dit deur Valéry ([1957]1987: 646) getipeer is. Vergelykbaar is ook die volgende versreëls van Achterberg uit die gedig "Densiteit": "... bevriezen van gevoel / tot taalkristal, - het oude doel-..." (1963: 401).

16. Die volgende twee ongepubliseerde proefskrifte brei uit op aspekte wat in hierdie artikel op beperkte skaal aangeraak is: Nel, A. 1992. Die Allotropie van "gevormde Literatuur" in die poësie van T.T. Cloete - 'n ondersoek na die

idiolektiese "omzetting" van Nederlandse tekste. D.Litt.-tesis, Universiteit van Pretoria: Pretoria; Pieterse, Henning 1995. Enkele literatuurbeskouings van T.T. Cloete soos dit in sy woordkuns weerspieël word. D.Litt.-tesis, Universiteit van Pretoria: Pretoria.

Verwysings

Achterberg, Gerrit
1963 *Verzamelde gedichten.* Amsterdam: Querido.

Bradford, Richard
1994 *Roman Jakobson: Life, Language, Art.* London: Routledge.

Bronowski, J.; Barry, Sir Gerald; Fisher, James; Huxley, Julian & Sir Julian (eds)
1960 *The Macdonald Illustrated Library.* Science. London: Macdonald.

Cirlot, J.E.
[1962]1982 *A Dictionary of Symbols.* London: Routledge & Kegan Paul.

Cloete, T.T.
1970 *Kaneel.* Kaapstad: Nasionale Boekhandel.
1982 *Jukstaposisie.* Kaapstad: Tafelberg.
1984 *Die dromende denke van die digter.* SAVAL kongresreferate 1V, pp. 1-20. Wits/Potchefstroom.
1986 *Idiolek.* Kaapstad: Tafelberg.
1989 *Driepas.* Kaapstad: Tafelberg.
1992 *Met die aarde praat.* Kaapstad: Tafelberg.

De Beaugrande, Robert
1984 *Text Production: Towards a Science of Composition.* New Jersey: Alex Publishing Corporation.

De Villiers, M.; Smuts, J.; Eksteen, L.C. & Gouws, R.H.
1985 *Nasionale woordeboek: Afrikaanse woordverklaring.* Goodwood: Nasou.

Dorleijn, G.J.
1984 *J.H.Leopold gedichten uit de nalatenschap, Deel 11: Genetisch-interpretatief commentaar.* Amsterdam: Noord Hollandsche Uitgevers.

Eimermacher, Karl
1977 Het probleem van een literatuurwetenschappelijke metataal. In: Bronzwaer, W.J.M.; Fokkema, D.W. & Ibsch, Elrud (reds) *Tekstboek algemene literatuurwetenschap.* Baarn: Ambo, pp. 48-83.

Enkvist, Nils
1988 Styles as Parameters in Text Strategy. In: Van Peer, Willie *The Taming of the Text.* London: Routledge.

Fowler, Roger
[1986]1996 *Linguistic Criticism.* Oxford: Oxford University Press.

Gräbe, Ina
1984 Eksploitasie van klankmatige aspekte in T.T. Cloete se *Jukstaposisie*. In: Viljoen, H. (red.) *In teen die groot vergeet*. Kaapstad: Nasionale Handelsdrukkery, pp. 25-53.
1992 Klank. In: Cloete T.T. (red.) *Literêre Terme & Teorieë*, pp. 204-207. Pretoria: HAUM-Literêr.
The Herder Dictionary of Symbols
[1978]1986 Matthews, Boris (translator). Wilmette, Ill.: Chiron.
Hess, Fred C. & Holden, John B. (advisory ed.)
[1967]1981 *Chemistry Made Simple*. London: William Heinemann.
Jakobson, Roman
1979 *Selected Writings V.: On Verse, its Masters and Explorers*. New York: Mouton, pp. 237-280.
1981 *Selected Writings III: Poetry of Grammar and Grammar of Poetry*. New York: Mouton, Amsterdam: Brusse/Van Oorschot, pp. 18-51.
Jakobson, Roman & Pomorska, Krystyna
[1980]1983 *Dialogues*. Cambridge: Cambridge University Press.
Lakoff, George & Turner, Mark
1989 *More than Cool Reason: A Field Guide to Poetic Metaphor*. Chicago: University of Chicago Press.
Leopold, J.H.
1951 Verzen Fragmenten, Eerste deel, bezorgd door P.N. van Eyck en Johan B.W. Polak. Amsterdam: Brusse / Van Oorschot.
Nel, A.
1992 Die allotropie van "gevormde literatuur" in die poësie van T.T. Cloete - 'n ondersoek na die idiolektiese "omzetting" van Nederlandse tekste. D.Litt-tesis, Universiteit van Pretoria: Pretoria.
Nijhoff, Martinus
[1959]1966 *Lees maar, er staat niet wat er staat*. Den Haag: Bert Bakker.
Pieterse, Henning
1995 Enkele literatuurbeskouings van T.T. Cloete soos dit in sy woordkuns weerspieël word. D.Litt-tesis, Universiteit van Pretoria: Pretoria.
Scholtz, Merwe
1990 Verskeidenheid, maar ook eenselwigheid. *Die Burger*, 5 April, p. 11.
Sears, Francis W.; Zemansky, Mark W. & Young, Hugh D.
[1942]1982 *University Physics*. 6th Edition. London: Addison-Wesley.
Sötemann, A.L.
1980 *Op het voetspoor van de dichter*. Amsterdam: Athenaeum.
1985 *Over poetica en poëzie*. Groningen: Wolters-Noordhoff.
Stankiewicz, Edward
1960 Expressive Language (abstract) In: Sebeok, Thomas A. (ed.) *Style in Language*. New York: John Wiley, pp. 96-97.

Valéry, Paul
[1957]1987 Wat af is, is niet gemaakt, vertaal deur Piet Meeuse. Amsterdam: De Bezige Bij.
Van Gorp, H.; Ghesquiere, R.; Delabastita, D.; Flamend, J.
1986 *Lexicon van Literaire Termen.* Groningen: Wolters-Noordhoff.
Van Peer, H.
1987 Intertextualiteit: Traditie en kritiek. *Spiegel der letteren*, jg. 29: 16-24
Wolfson, Richard & Pasachoff
1987 *Physics.* Boston: Little, Brown.